Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 9 DESEMBER 2015 OM 08:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust
Rdl B W Geel

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Wnd Direkteur: Finansiële Dienste, mnr C F Gerber
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig. Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 12 NOVEMBER 2015

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 12 November 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 2 DESEMBER 2015

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 2 DESEMBER 2015

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 IMPLEMENTERING VAN WATERBEPERKINGSMAATREËLS (16/1/1/7)

Weens die lae wintersreën is die damvlakke in die Wes-Kaap baie laag en van die naby-liggende munisipaliteite, nl. Drakenstein en Stellenbosch, het reeds Vlak-1 waterbeperkinge ingestel. Die aanduiding is dat die Kaapse Metropool ook binnekort waterbeperkinge sal instel.

Tans is die damvlak van die Voëlvleidam, wat Swartland se hoof watervoorsiener is, slegs op 36,7% teenoor 97% vir dieselfde tydperk in 2014.

Alhoewel tot op hede geen opdrag vanaf die Departement van Waterwee en Sanitasie ontvang is ten opsigte van die onmiddellike implementering van watermaatreëls ten aansien van die Voëlvleiskema nie, het die Premier van die Wes-Kaap wel 'n provinsiale droogte ramptoestand in die volgende munisipaliteite geendosseer, nl. Oudtshoorn, Prins Albert, Witzenberg, Eden, Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit, Sentraal Karoo Distriksmunisipaliteit en Weskus Distriksmunisipaliteit.

Die Siviele Ingenieursdepartement versoek dat Vlak 1-maatreëls geïmplementeer word om sodoende 'n 10% besparing op die waterverbruik te probeer bewerkstellig, vir die volgende redes:

- Dit bied die geleentheid om inkrementeel strenger op te tree indien dit nodig sou wees;
- Daar is geen wetenskaplike basis om uit die staanspoor Vlak 2 (20%)-beperkingsmaatreëls in te stel nie;
- Vlak 2 sal 'n wesenlike impak vir besighede inhou (omdat dit noodwendig minder produksie impliseer);
- Vlak 1-besparings is in lyn met wat die Munisipaliteit se buur-munisipaliteite doen;

7.1/...

- Vlak 1 strook met die aanbeveling hieronder om ‘n 10% verhoging in die watertariewe te implementeer.

BESLUIT
(vir oorweging tydens die Spesiale Raadsvergadering geskeduleer 9 Desember 2015)

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die implementering van die volgende water-besparingsmaatreëls met onmiddellike effek in ‘n poging om Vlak 1 (10%) waterbesparings te bewerkstellig:

(i) Die gebruik van drinkwater om tuine, sportvelde, parke en enige ander gras-beplante areas nat te maak of te besproei, word tussen 08:00 en 17:00 daagliks verbied;
(ii) Die gebruik van drinkbare water om enige harde of geplaveide oppervlaktes af te spuit word verbied;
(iii) Tuinslange wat nie oor ‘n selfsluitmeganisme beskik nie, mag nie onbeman gelaat word wanneer tuine, parke, sportvelde of ander areas natgemaak word nie;
(iv) Tuinslange wat vir die was van voertuie, bote en karavane gebruik word, moet oor ‘n outomatiese selfsluitmeganisme beskik;
(v) Alle outomatiese spoelurinale moet afgedraai word in alle geboue gedurende tye wanneer die publiek en/of personeel sodanige geboue normaalweg verlaat;

(b) Dat die beperkings in paragraaf (a)(i) tot (v) nie sal geld:
(i) waar spesiale vrystelling skriftelik deur die Munisipaliteit verleen word nie;
(ii) waar ander bronne van nie-drinkbare water gebruik word en ‘n kennisgewing waarop die bron aangedui word, opgerig is op ‘n plek waar dit duidelik sigbaar is;

(c) Dat, ten einde verbruikers te help om hul waterverbruik met 10% te sny, ‘n kwota bereken word vir elke huishouding (ook besighede) om op die diensterekening aangetoon te word, gebaseer op die gemiddelde verbruik vanaf November 2014 tot April 2015;

(d) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word, in oorlegpleging met die wnde Direkteur: Finansiële Dienste om, in terme van artikel 69(2) van die Verordening rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloeisel, afwykings, vrystellings of verslappings ten opsigte van die bepalings op redelike gronde te mag verleen;

(e) Dat die volgende 10% watertariefaanpassing wat reeds as deel van die begrotingsproses vir implementering in noodtoestande deur die Raad op 28 Mei 2015 goedgekeur is, geïmplementeer word met effek vanaf die diensterekeninge wat gedurende Maart 2016 vir betaling teen 31 Maart 2016 (met ander woorde vir Februarie-verbruik) gelewer sal word:

Ten opsigte van huishoudelike verbruikers –

	Tarief per eenheid (kiloliter)
0 tot 5 kl	Gratis
6 tot 30 kl	R11,23 plus BTW
31 tot 60 kl	R15,47 plus BTW
Meer as 60 kl	R23,95 plus BTW

Ten opsigte van besighede (ingesluit skole, regeringsinstelilngs en sportklubs) –
R15,96 plus BTW vanaf die eerste kiloliter verbruik

7.1/...

(f) Dat ‘n openbare kennisgewing in bostaande verband in die media, asook op die webtuiste en sosiale media-platform (*Facebook*) gepubliseer word, asook vertoon word by die biblioteke en betaalpunte van die Munisipaliteit;

(g) Dat indien die implementering van die maatreëls en verhoogte tariewe hierin vermeld nie die gewensde uitwerking het nie, m.a.w. nie ‘n algehele 10% besparing in waterverbruik bewerkstellig nie, die Raad die implementering van strenger maatreëls, wat ‘n verdere verhoging van die watertarief mag insluit, sal oorweeg;

(h) Dat kennis geneem word dat die Premier van die Wes-Kaap ’n provinsiale droogte ramptoestand in die volgende munisipaliteite endosseer, nl. Oudtshoorn, Prins Albert, Witzenberg, Eden, Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit, Sentraal Karoo Munisipaliteit en Weskus Distriksmunisipaliteit.

7.2 VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL OOR DIE FINANSIËLE STATE EN PRESTASIE INLIGTING

Die verslag van die Ouditeur-Generaal aangaande die finansiële state en prestasie inligting is met die sakelys gesirkuleer.

Die finale geouditeerde finansiële state is op die webtuiste van die Munisipaliteit beskikbaar.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die verslag van die Ouditeur-Generaal vir die jaar geeïndig 30 Junie 2015;

(b) Dat die verslag van die Ouditeur-Generaal vir die jaar geëindig 30 Junie 2015 goedgekeur word;

(c) Dat daar met dank kennis geneem word van die “skoon” ouditverslag vir die voorafgaande jaar, welke verslag die vyfde agtereenvolgende skoon ouditverslag verteenwoordig.

7.3 VERGOEDING VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE-, RISIKO- EN FINANSIËLE OUDITKOMITEELEDE (5/15/1/1)

Die Ouditkomitee vervul ’n belangrike oorsigrol in die Munisipaliteit en raak meer gespesialiseerd – nie net in finansies nie – maar ook in die veld van risiko- en prestasiebestuur.

BESLUIT

A JAARLIKSE UURSKAAL

(i) Die vergoeding betaalbaar aan die lede van die Prestasie, Risiko en Finansiële Ouditkomitee vanaf 1 Januarie 2016 vir die voorbereiding en bywoning van Ouditkomiteevergaderings of vergaderings van die Raad, goedgekeur word, soos volg:

- Voorsitter: R630,00 per uur (tot ‘n maksimum van 8 ure)
- Lede: R510,00 per uur (tot ‘n maksimum van 7 ure**)**

(ii) Die uurlikse vergoedingskaal van die Voorsitter vir die halfjaar 1 Januarie to 30 Junie 2016 bly dieselfde en die van die lede verhoog van R460 tot R510 om die verskil in vergoeding te verminder. Dit word aanbeveel dat bogenoemde uurlikse tariewe voortaan jaarliks vanaf 1 Julie verhoog met die persentasie-aanpassing van 6% bereken op die tarief betaalbaar aan die lede (nie Voorsitter) afgerond tot die naaste R5.00, d.w.s. 6% van R510 = R30. Dus die Voorsitter se uurlikse tarief sal in 2016/17 verander na R630 + R30 = R660 en ander lede R510 + R30 = R540.

7.3/...

(iii) Die maksimum ure per vergadering sluit die voorbereiding en reistyd in.

B AANTAL VERGADERINGS

(i) Die Ouditkomitee sal 'n minimum van vier vergaderings per jaar belê waarvan twee van die vergaderings Prestasiebestuur sal insluit. Addisionele vergaderings wat belê word sal in oorleg met die Munisipale Bestuurder geskied ten einde die uitgawe in hierdie verband te kontroleer.

C REISKOSTES

(i) Reiskostes sal betaal word ooreenkomstig die tarief soos voorgeskryf in die Reis- en Verblyfbeleid van die Munisipaliteit.

7.4 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE-, RISIKO- EN FINANSIËLE OUDIT-KOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 21 AUGUSTUS 2015, IN SAMEWERKING MET MPAC, ASOOK OP 8 SEPTEMBER 2015 (11/1/3/1/7)

Die komitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van die Munisipale Finansiële Bestuurswet van 2003.

In terme van bogenoemde mandaat maak die komitee hoofsaaklik aanbevelings aan die Raad vir oorweging en besluitneming. Daar is nie enige aanbevelings van die komitee waarvoor 'n raadsbesluit benodig word nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie-, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee se vergadering, in samewerking met die MPAC van 21 Augustus 2015, asook die vergadering van 8 September 2015.

7.5 AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE WAARDASIE APPÈLRAAD VIR SWARTLAND MUNISIPALITEIT (15/2/2/1)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee is van voorneme om aanbevelings aan die Minister van Plaaslike Regering van die Weskaap Provinsie te doen, in terme van die bepalings van Hoofstuk 7 van die Eiendomsbelastingwet, Nr. 6 van 2004, vir die aanstelling van die Voorsitter en lede van die Swartland Waardasie Appèlraad.

Die funksies en samestelling van die Appèlraad word in die Wet uiteengesit.

Geskrewe aansoeke vir bekwaamde en behoorlik gekwalifiseerde persone met genoegsame kennis/ervaring in die waardering van eiendomme was uitgenooi om as Voorsitter en lede van die Swartland Waardasie Appèlraad te dien.

Die volgende aansoeke was ontvang, naamlik:

(i) H O Wiggens
(ii) A H Rootman
(iii) P A Gerber
(iv) T Kuyk
(v) N C Claugh
(vi) W M de Kock
(vii) E W Mostert

Hierdie munisipaliteit is tans besig met die algemene waardasieproses en blyk dit dat die Waardasie Appèlraad in die laaste kwartaal van hierdie finansiële jaar 2015/2016, tewete Maart 2016 tot Junie 2016, in die proses betrokke sal wees, indien appèlle teen waardasies wel ontvang word.

Gevolglik is die gedagte om die nuwe lede van die Waardasie Appèlraad vir 'n termyn van vier jaar aan te stel.

7.5/...

Die volgende lede word voorgestel:

Mnr E W Mostert	:	Voorsitter/Chairperson
Me T Kuyk	:	Waardeerder/Lid/Valuer/Member
Mnr N C Clough	:	Waardeerder/Lid/Valuer/Member

BESLUIT

(a) Dat die volgende name van persone aan die Minister van Plaaslike Regering vir aanstelling as voorsitter en lede van Swartland Munisipaliteit se waardasieappèlraad voorgelê word:

(i)	Mnr E W Mostert	:	Voorsitter
(ii)	Me T Kuyk	:	Waardeerder/Lid
(iii)	Mnr N C Clough	:	Waardeerder/Lid

(b) Dat die termyn van die lede vier (4) jaar is.

7.6 BYWONING VAN *MAYORAL COMMITTEE OF FINANCE MEETING,* 12 OKTOBER 2015 (3/2/1)

Die eerste vergadering van die *Mayoral Committee of Finance Meeting,* gehou op 12 Oktober 2015 te Goudini Spa, Rawsonville is deur rdl. M Rangasamy bygewoon. Die doel van voormelde komitee is om ondersteuning te verleen aan lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee wat verantwoordelik is om 'n oorsigrol oor die finansiële sake van die Munisipaliteit te vervul.

Hierdie platform sal gebruik word om belangrike inligting deur te gee, sowel as om 'n werksverhouding tussen die Provinsiale Minister van Finansies en politici op te bou om beste praktyke, uitdagings en oplossings te deel in die nastrewing na doeltreffende finansiële stelsels en prosedures vir die provinsie asook plaaslike owerhede.

'n Verslag rakende die besprekinge is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag wat na afloop van die *Mayoral Committee of Finance Meeting* wat deur rdl M Rangasamy op 12 Oktober 2015 bygewoon was, opgestel is.

7.7 VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND TE MALMESBURY (12/2/4-8/4)

Tydens 'n Gewone Raadsvergadering gehou 27 Augustus 2015, is goedkeuring verleen dat die volgende drie erwe, wat destyds (in 2005) as deel van 18 erwe in fase 1 van die sg. gholfbaan-ontwikkeling by wyse van 'n 'pre launch' veiling van die hand gesit is, per openbare tender vir vervreemding aangebied word, teen die munisipale waardasie as die reserweprys (BTW uitgesluit) soos aangetoon:

Erfnommer	Grootte	Munisipale waardasie
Erf 3507	937 m²	R203 000,00
Erf 3511	928 m²	R201 500,00
Erf 3512	861 m²	R190 000,00

Die voorgenome vervreemding van die eiendomme is op 4 September 2015 in die pers gepubliseer vir kommentaar en/of beswaar deur die publiek, waarop daar egter teen die sluitingsdatum (25 September 2015) geen reaksie was nie. 'n Tenderuitnodiging is hierna op 9 Oktober 2015 in die pers gepubliseer, met 6 November 2015 as die sluitingsdatum vir finansiële aanbiedinge om gemaak te word.

Twee tenderaanbiedinge/...

7.7/...

Twee tenderaanbiedinge is teen die sluitingsdatum ontvang, synde soos volg:

• Erf 3511	Mnr Alfonso Ricardo Braaff	R70 434,00 BTW uitgesluit
• Erf 3512	Me Deborah Beukes	R51 200,00 BTW uitgesluit

Die konsepaanbod wat deur die partye voltooi moes word vir tenderdoeleindes, bepaal in klousule 3 daarvan dat die aanbod onherroeplik, geldig en afdwingbaar is vir 'n periode van 60 dae na die datum van ondertekening daarvan deur die koper, en tensy dit binne die gemelde periode deur die verkoper (die Munisipaliteit) aangeneem word, dit van geen krag of werking sal wees nie. Die onderskeie aanbiedinge is onderteken op 2 Oktober 2015 (deur me Beukes) en op 4 November 2015 (deur mnr A Braaff). Eersgenoemde datum blyk foutief te wees (en moes oënskynlik 2 November 2015 gewees het), aangesien die tenderuitnodiging eers op 9 Oktober 2015 geplaas was.

Beide tenders is heelwat minder as die reserweprys soos vasgestel deur die Raad en word gevolglik aan die hand gedoen dat die aanbiedinge nie aanvaar word nie.

Dit het, na afloop van die tenderproses, onder die Korporatiewe Dienste direktoraat se aandag gekom dat die jongste waardasierol wat tans aan beswaar onderhewig is, die waardasie van die eiendomme ooglopend foutief aantoon, deurdat dit skynbaar as oop ruimtes en nie vakante enkelresidensiële eiendomme nie, gewaardeer is. Die waardeerders het op navraag skriftelik bevestig dat die nodige regstellings tydens die beswaarproses gemaak sal word.

BESLUIT

(a) Dat die tenderaanbiedinge wat vir erwe 3511 en 3512, Darling ten bedrae van onderskeidelik R51 200,00 (BTW uitgesluit) en R70 434,00 (BTW uitgesluit) ontvang is, nie aanvaar word nie, gegewe dit minder beloop as die reserwepryse vir die eiendomme wat op 27 Augustus 2015 deur die Raad goedgekeur is;

(b) Dat die tenderaars dienooreenkomstig in kennis gestel word;

(c) Dat kennis geneem word dat die Raad reeds magtiging verleen het dat indien enige van die gemelde eiendomme onverkoop bly na afloop van die mededingende proses, dit uit-die-hand op 'n 'first come first serve' basis verkoop mag word teen die reserweprys of hoër, mits die reserweprys ooreenstem met billike markwaarde (gebaseer op die munisipale waardasie van die eiendomme op die stadium van vervreemding).

7.8 HUUR VAN MUNISIPALE GROND TE MALMESBURY (12/2/4-8/4)

Die Walters Groep huur sedert 1 Junie 2011 erf 11228 (voorheen kampe 5, 6 en 7), Malmesbury vanaf die Raad vir landboudoeleindes.

Die huurtermyn verstryk op 28 Februarie 2016.

BESLUIT

(a) Dat erf 11228 (voorheen kampe 5, 6 en 7), Malmesbury weer, per tenderproses, beskikbaar gestel word vir verhuring vanaf 1 Maart 2016, vir `n termyn wat nie drie (3) jaar sal oorskry nie;

(b) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly, spesifiek dat grond slegs vir lanboudoeleindes aangewend mag word.

7.9 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY RUGBY VOETBALKLUB (17/9/2/R)

Malmesbury Rugby Voetbalklub huur sedert 1 Oktober 2012 die rugbyfasiliteite vanaf die Raad.

7.9/...

Die huurtermyn verstryk op 31 Desember 2015.

BESLUIT

Dat hierdie aangeleentheid terugverwys word om besprekinge met die huidige huurders te bewerkstellig.

7.10 UITSTAANDE DEBITEURE: NOVEMBER 2015 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van November 2015.

7.11 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.12 GOEDKEURING VIR AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGS-PROSEDURES: BOU VAN EILAND, PARKEERPLEKKE EN SYPAADJIE OP HOEK VAN VOORTREKKERWEG EN ST. THOMASSTRAAT DEUR WESTLAND CIVILS (8/2/2/1)

Met die konstruksie van die nuwe KFC en besigheidsentrum is die eienaar, Prima Verhuring Eiendoms Bpk versoek om sekere veranderings aan die Voortrekkerweg/St Thomas-kruising aan te bring. 'n Bedrag van R70 000,00 is reeds gedurende 2012/2013 finansiële jaar deur Prima Verhuring aan die munisipaliteit oorbetaal.

Onderhandeling met die Departement van Vervoer en Openbare Werke (Weskaapse Provinsiale Regering) rakende geskikte planne vir die verbeterings op genoemde kruising het egter die proses vertraag.

Met die bou van die nuwe West Coast Kollege is daar ook sekere voorwaardes opgelê aangaande verbeterings in Voortrekkerweg vanaf Bokomoweg tot by St Thomasstraat.

Dit is dus as prakties en finansieël voordelig geag om die werk wat deur Prima Verhuring befonds is by die totale projek van die West Coast Kollege in te sluit.

BESLUIT

(a) Dat daar van die Verkrygingsprosesse afgewyk word vir betaling van R 70 000.00 aan Westland Civils vir werk wat hulle op versoek van die Munisipaliteit vir Prima Verhuring gedoen het op die hoek van Voortrekkerweg en St Thomasstraat en wel om die volgende rede;

(b) Dat hierdie as 'n buitengewone geval hanteer word aangesien die werk wat deur Prima Verhuring gedoen moes word, min is in vergelyking met die totale projek in Voortrekkerweg, maar tog goed inpas by die groter, totale projek. Dit sou dus onprakties en finansieël nadelig gewees het om 'n ander kontrakteur te kry om op dieselfde terrein as Westland Civils te werk;

(c)/...

7.12/...

(c) Dat kennis geneem word dat uit voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het vir die uitbetaling aan Westland Civils;

(d) Dat kennis geneem word dat dit 'n bedryfs uitgawe is waarvoor daar nie in die 2015/2016 bedryfsbegroting voorsiening gemaak is nie en dat dit na die aansuiwerings-begroting verwys word;

(e) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondeneer word;

(f) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 AANSOEK OM VERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)

Die Uitvoerende Burgemeester het die bevoegdheid om die verlof van die Munisipale Bestuurder goed te keur.

'n Verlofskedule van die direkteure is met die sakelys gesirkuleer om aan te dui watter direkteure beskikbaar is om waar te neem.

BESLUIT

(a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae goedgekeur word, naamlik:

- 17 Desember 2015 tot 12 Januarie 2016 (17 dae)

(b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gedurende voormelde tydperk sal waarneem as Munisipale Bestuurder, en indien, om welke rede ookal die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste nie beskikbaar is nie, die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste sal waarneem.

7.14 SLUITING VAN KANTORE OP 24 EN 31 DESEMBER 2015 (2/6)

Swartland Munisipaliteit het vir die vyfde agtereenvolgende jaar 'n skoon oudit ontvang.

Elke afdeling of sub-afdeling van die Munisipaliteit dra by tot die verkryging van 'n skoon ouditmeting en word voorgestel dat in ooreenstemming met besluite van vorige jare, 'n afdag aan personeel toegestaan word as beloning vir hul bydraes tot die skoon oudit.

BESLUIT

(a) Dat, as gevolg van die verkryging van die vyfde skoon oudit, die Raad goedkeur dat die munisipale kantore op Donderdag, 24 Desember 2015 mag sluit vir die dag;

(b) Dat hierdie 'n eenmalige vergunning is en dat dit glad nie 'n verwagting met die oog op volgende jare moet skep nie;

(c) Dat kennisgewings by al die betaalpunte in die munisipale gebied en op die webtuiste aangebring word om van die sluiting van kantore kennis te gee;

(d) Dat, met hierdie vergunning, oortyd betaal word vir tye gewerk teen die Saterdagtarief.

7.15/...

7.15 ALGEMENE JAARVERGADERING: GEKONSOLIDEERDE AFTREEFONDS: AANWYSING VAN AFGEVAARDIGDES

Die 19de Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Aftreefonds vind plaas op Vrydag, 26 Februarie 2016.

Ingevolge voorskrifte van die fonds is Swartland Munisipaliteit geregtig om drie afgevaardigdes uit die lede en drie afgevaardigdes uit die raadslede aan te wys.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat mnr J J Scholtz (as sekunde me M S Terblanche), mnr J T Steenkamp (as sekunde mnr G Solomons), me S de Jongh (as sekunde me M Lourens) genomineer is om die lede te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Gekonsolideerde Aftreefonds op 26 Februarie 2016;

(b) Dat rdh M S I Goliath (as sekunde rdh T van Essen), rdl R F van der Westhuizen (as sekunde rdl W Wilskut), rdl M van Zyl (as sekunde M Rangasamy) genomineer word om die Raad by die vergadering te verteenwoordig op 26 Februarie 2016.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER